SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself." Lukas 10:27

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Die hart van God

Die liefde is die hart van God se wet en opdrag. So is Liefde die hart van die Evangelie en Christus se bediening. Jesus het mense liefgehad, allerlei mense. Hy het hulle genees, verlos, van stad tot stad gereis om hulle te onderrig en hulle gevoed wanneer hulle honger was. Hy het sy dissipels se voete gewas, aan hulle brood en wyn om die tafel bedien, en hulle bemoedig soos nodig.

2 Korintiërs 5:20-21 verduidelik dat elke Christen 'n ambassadeur is van Christus wat Sy liefde moet ken en leef. Dit word bevestig deur Jesus se eie woorde in Lukas 6:45 –

*"Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond."*

Dit laat my soms wonder – wat kom uit my mond? Wat getuig my en jou lewe? Ken en deel ons die hart en stem van God? Ek wil jou uitnooi om in Februarie na God se stem te kom luister – Sy riglyne te ondersoek en te hoor vir die verhoudinge in jou lewe.

Geseënde week en gaan in Sy liefde.
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Love Hearts

Oliver R. Chase het in 1847 'n masjien gebou om suigtablette uit wafel-lekkergoed te sny en het 'n lekkergoed fabriek begin. Daniel Chase, Oliver se broer, het in 1866 gesegdes op die lekkergoed begin druk. Die lekkergoed is dikwels vir troues gebruik, aangesien die lekkergoed oulike gesegdes gehad het soos: *"Married in pink, he will take a drink", "Married in White, you have chosen right", en "Married in Satin, Love will not be lasting".* Die gevolg was dat die hartvormige gesprek-lekkers wat Sweethearts genoem word, in 1901 begin het. Die gewildheid van die lekkers en boodskappe was so groot dat hulle jaarliks uitverkoop het.

*Love Hearts* is 'n soortgelyke lekkergoed wat deur *Swizzels Matlow* in die Verenigde Koninkryk vervaardig word. Dit is harde, tablet-vormige lekkers met 'n kort, liefdesverwante boodskap aan die een kant van die lekkers. Die produksie van *Love Hearts* het in 1954 begin, gebaseer op die gepersde tablet metode, soortgelyk aan baie pharmaseutiese produkte. Gekorrelde suiker word tot 'n baie fyn poeier gemaal en in lyne geskei vir elke geur *Love Heart*. Kleure, geurmiddels en ander bestanddele word bygevoeg en gemeng, en dan in 'n masjien gevoer waar dit onder hoë druk saampers. Op hierdie stadium word die boodskap op die voorkant van die liefdeshart ingeprent. Die letters word dan in 'n rooi koskleursel uitgelig sodat die boodskap meer leesbaar op die lekker is.

Dalk is die gewildheid van hierdie lekkers nouer verbind tot ons as mens se verstaan en ervaring van liefde, as wat ons dink. Die liefde is ‘n kombinasie van bestandele wat, in die korrekte hoeveelhede, iets soets oplewer waarna meeste van ons smag. Daar is vir elkeen ‘n geur en kleur wat by ons pas. Die doeltreffendheid van enige verhouding, van vriende tot huwelike, is direk gekoppel aan die kwaliteit van die kommunikasie. En alhoewel daar baie verskillende mense in ons lewenspakkie is, gaan ons heel moontlik ons gunstelinge hê.

(Wikipedia inligting)
André

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


MANNE NAWEEK
DAMESOGGEND
RESEP VAN DIE MAAND
LOBOLA
LOVE
GOLDEN RULES FOR LIFE
NUTTELOSE INLIGTING
FERBUARIE INSPIRASIE
KONTAK ONS


# Manne Naweek
# 8-10 Maart 2024




Kom herlaai jou batterye saam met ander manne onder leiding van Kobus van Rensburg, by Frontier Centre.

Koste: £110 per volwassene en £60 per seun(10-16 jaar), vir die naweek.
Alle etes, beddegoed en drinkgoed is ingesluit- behalwe handdoeke.
Bring asb eie 'snacks' en hout saam vir laat aand kuier langs die vuur.

Arriveer van 17:00 Vrydagaand en vertrek weer op die laatste 12:00 Sondag.

Adres: The Rock UK, Frontier-Centre. Addington Road, Northampton, NN9 5UH.

Vir enige navrae kontak vir Jaco 073 8542 2465
Bespreek jou plek ASAP hier.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Dames Oggend
# 23 Maart 2024



Jy word hartlik uitgenooi na 'n spesiale kuier.

9:30 tot 12:30
Theydon Bois Village Hall (Klein saal)
Coppice Row, Theydon Bois
CM16 7ER

Tema: God se 'kleurpalet'

£10 per persoon
Elke Dame bring eetgoed NET vir 6 dames.

Jy is baie welkom om jou produk/
'craft' te kom uitstal en ook te verkoop.
Laat weet asb vir Ena voor die tyd wat jou produk/craft is.

Skryf hier in

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • FEBRUARIE 2024

# Resep van die Maand

## "Rustic" Bloubessie Crostata (Lazy tart)



Bestanddele:

Kors

2 koppies (200g) "All-purpose" meel
1 teelepel sout
½ teelepel suiker
¾ koppie ongesoute botter (gesny in blokkies)
6-7 teelepels yswater

Vulsel

3 koppies vars of gevriesde bloubessies
½ koppie suiker
1 teelepel suurlemoen skil (zest) en sap van 1 suurlemoen
2 teelepel "All-purpose" meel
1 teelepel kaneel
1 eier geklits
1 teelepel growwe suiker (vir garnering)

Metode: (a)Kors

Meng die meel, sout en suiker in 'n bak.
Voeg die botter in, en krummel met jou vingers.
Voeg stadig die yswater by tot die deeg 'n bal vorm.
Vorm die deeg in 'n bal, maak in plastiek toe en sit in die yskas vir 'n uur.

(b)Vulsel

Verhit die oond op 180 grade.
Rol die deeg uit in 'n sirkel tot so halwe sentimeter.
Plaas dit op 'n bakplaat waar jy meel in gestrooi het.
Gooi die bloubessies in 'n bak saam met kaneel, suurlemoen zest en suurlemoen sap.
Vat 'n lepel en skep bloubessie mengel op die deeg, maar los so 5 cm oop aan die kant.
Vou nou die kant van die deeg effens oor die vulsel.
Borsel die oorgevoude kant met die eier mengsel.
Strooi growwe suiker oor die eier mengsel.
Bak vir 20 minute of tot die kors goud bruin is.
Bedien warm, sny soos pizza, met vanielje roomys.

*Baie dankie Edlynn Cornelissen vir die deel van jou staatmaker resep!*

# Lobola

Ek kry hierdie wonderlike storie by Nico en Sonja Prinsloo.

Die staaltjie het altyd groot trefkrag gehad wanneer hulle dit op die huweliksverrykingseminare wat hulle in Suid-Afrika aangebied het, vertel het.
Hulle vertel van die jongman, kom ons noem hom Bongani, wat sy tradisionele nedersetting in die groen heuwels van KwaZulu-Natal verlaat het, om in die groot stad te gaan studeer en geld te verdien. Hy het gereeld vir sy familie geld huis toe gestuur, maar ook elke maand ‘n bedrag eenkant gesit. Enkele jare later het hy genoeg gespaar vir Lobola. Met die bedrag wat hy gespaar het, sou hy vyf beeste kon koop – die prys wat aan sy aanstaande skoonpa vir ‘n baie bekwame, mooi vrou betaal moes word. Vir ‘n minder goeie vrou sou hy vier beeste moes gee en so is die aantal beeste dan verminder totdat ‘n onaansienlike, onbekwame vrou slegs een bees werd was.

Uiteindelik was dit tyd vir hom om huis toe te keer sodat hy vir hom ‘n vrou kon kry.
Een van die pa’s het sy dogters trots voorgestel. Mooi, flukse meisies – almal vyf beeste-meisies. Bongani het hulle deurgekyk en toe na die hut se kant toe geloer. Hy sê toe vir die pa van die dogters dat hy mos nog ‘n dogter het. Waar is sy? Die pa het afkeurend beduie dat hy hom nie aan haar moet steur nie. Sy sal nie ‘n goeie vrou uitmaak nie. Bongani onthou die meisie egter van sy kinderdae af en dring daarop aan om haar ook te sien. Half onwillig stuur die pa iemand om die dogter te gaan roep. Hy hoop om vandag vyf beeste te kry – beslis nie wat hierdie dogter van hom werd is nie.
Ten spyte daarvan dat sy half sku en onversorgd is, herken Bongani dadelik vir Zanele. Baie teruggetrokke – praat byna geen woord nie.
“Sien, ek het jou gesê. Jy sal haar nie wil hê nie. Sy is ook nie juis baie fluks nie.”
Zanele draai om en begin terug hut toe loop.
Bongani roep haar egter terug. “Wag Zanele, dit is vir jou wat ek gekom het.
Ek het vyf beeste vir jou pa gebring.”
Die pa sê, “Maar sy is net een bees werd!”
“Vir my is sy vyf beeste werd,” antwoord Bongani.
Na die troue is die paartjie terug stad toe.



Enkele jare later besoek die paartjie weer hul geboorteplek.
Die mense van die nedersetting herken aanvanklik nie die mooi, stylvolle en selfversekerde vrou aan Bongani se sy nie.
Dit is eers toe sy na haar ouerhut toe stap, dat hulle besef – Maar dit is mos Zanele!


*Tree teenoor jou huweliksmaat op asof hy of sy ‘n vyf beeste-mens is en jy sal met ‘n vyf beeste-mens getroud wees. Behandel jou huweliksmaat egter soos ‘n een bees-mens, en jy sal vir die res van jou huwelik die wrang vrugte daarvan pluk.*
(Geskryf deur André Fourie)

*Hanteer mekaar mooi- Vul mekaar aan en respekteer mekaar*

# "For Love"

"It's the start of a new year, isn't it, Piglet?" said Pooh, all excited.
"It certainly is," said Piglet.
"What are you hoping for, this year?" asked Pooh. "Are you going to try and achieve some goals or ambitions? Make lots of money? Better yourself?"

"Well," said Piglet. "The thing, Pooh, is that I am a very simple soul at heart. And I may not be right, when I say this...but I have always felt that the most important thing in life - for me at least - is love. To love, and to be loved. So while Achieving Goals, and Making Money, and Bettering Yourself, might all be great things to dream of...I can't help feeling that, without love, they would be very empty dreams indeed."



"So your hopes for the next year is ..."

"For love," said Piglet, simply. "For love, and for a regular walk through the Hundred Acre Wood with my very best friend, kicking up the leaves and talking as though we haven't a care in the world."

"That sounds just perfect to me," said Pooh.
"Shall we go?"

And so the two friends put on their boots and their waterproofs, and walked out into the Hundred Acre  Wood, kicking up leaves and talking as though they hadn't a care in the world.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • FEBRUARIE 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Golden rules for life

1. Never shake hands at anyone without standing up.
2. In a negotiation, never make the first offer.
3. If they trust you with a secret, keep it.
4. If they lend you a car, return it with a full tank.
5. Do things with passion or don't do it at all.
6. When you shake your hand, make it firm and look that person in the eye.
7. Live the experience of traveling alone.
8. Never turn down a peppermint pill, the reasons are obvious.
9. Take advice if you want to grow old.
10. When you text someone and you're angry: finish, read it, delete it, and rewrite the message.
11. At the table you don't talk about work, politics, or religion.
12. Write your goals, and work on them.
13. Defend your point of view but be tolerant and respectful to others.
14. Call and visit your relatives.
15. Never regret anything, learn from everything.
16. Honor and loyalty must be present in your personality.
17. Don't lend money to someone you know won't pay you back.
18. Believe in something.
19. Tend your bed when you wake up in the mornings.
20. Live your life as if it were the last day of it.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# So bietjie nuttelose inligting.

A dime has 118 ridges around the edge.

A cat has 32 muscles in each ear.

A "jiffy" is an actual unit of time for 1/ 100th of a second.

A snail can sleep for three years.

Al Capone's business card said he was a used furniture dealer.

All 50 states are listed across the top of the Lincoln Memorial on the back of the $5 bill.

Almonds are a member of the peach family.

Babies are born without kneecaps. They don't appear until the child reaches 2 to 6 years of age! .

Butterflies taste with their feet.

Cats have over one hundred vocal sounds. Dogs only have about 10.

"Dreamt" is the only English word that ends in the letters "mt".

If the population of China walked past you, in single file, the line would never end because of the rate of reproduction.

If you are an average American, in your whole life, you will spend an average of 6 months waiting at red lights.

Leonardo Da Vinci invented the scissors.

Maine is the only state whose name is just one syllable.

Peanuts are one of the ingredients of dynamite.

Rubber bands last longer when refrigerated.

"Stewardesses" is the longest word typed with only the left hand and "lollipop" with your right.

The average person's left hand does 56% of the typing.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • FEBRUARIE 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

4 FEBRUARIE HUISKERK 9 UUR

11 FEBRUARIE EREDIENS 9 UUR

18 FEBRUARIE HUISKERK 9 UUR

25 FEBRUARIE EREDIENS 9 UUR

## Februarie Inspirasie

### ‘n Franciskaanse seënbede

Mag die pad voor jou altyd reguit wees!
Mag jy die wind altyd van agter kry!
Mag die son jou gesig streel
en die reën sag op jou lande uitsak,
en
– totdat ons weer ontmoet –
Mag God jou in die Palm van Sy Hand vashou!

## Bid saam

*Lord,*
*Even when the world around us*
*is swirling and broken*
*thank you for being true, kind*
*and a foundation to lean on.*
*Today we boldly and humbly*
*approach You, asking for Your*
*kindness to meet us.*

## Aanhaling vir Februarie

Be kind, for everyone you meet,
is fighting a battle you know
nothing about.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com
noordwyk@sagemeente.com